RPO
Rooivleisprodusente Organisasie

Vir produsente, deur produsente

**VERDUIDELIKENDE NOTAS**

**OOR DIE GEPUBLISEERDE**

**BEHEERMAATREËLS MET BETREKKING TOT**

**BEK-EN-KLOUSEER UITBREKINGS**

**ARTIKEL 9(1) VAN DIE *WET OP DIERESIEKTES*,**

**(*WET 35 VAN 1984*)**

**VRYWARING:** Hierdie verduidelikende notas dien bloot as 'n gerieflike riglyn en opsomming. Dit dien geensins as 'n vervanging, wysiging of interpretasie van amptelike wetgewing, regulasies of regsdokumentasie nie. Sou enige teenstrydigheid tussen hierdie nota's en amptelike dokumentasie bestaan, moet die amptelike dokumentasie as finale riglyn beskou word.

## INLEIDING

Die langverwagte Artikel 9-riglyne is uiteindelik gepubliseer en kan nou daadwerklik geïmplementeer word.

Na ons mening was hierdie een van die belangrikste stappe om uiteindelike vordering in die heersende BEK-situasie teweeg te bring. Suid-Afrika is vir 'n geruime tydjie al 'n land met die status van BEK met inenting, maar word bestuur op grond van beheermaatreëls wat geld vir 'n BEK-vrye land sonder inenting. Die nuwe beheermaatreëls is op ons werklike status gegrond, en dit is positief.

Hierdie verduidelikende notas het een doelwit, naamlik om sommige van die maatreëls wat primêre veeprodusente affekteer, uit te lig en toe te lig. Daarom word nie elke punt en paragraaf wat in die *Staatskoerant* afgekondig is, bespreek nie.

## SKEDULE

## ARTIKELS 1, 2 & 3: OMSKRYWINGS, DOEL EN OOGMERKE

Hierdie artikels is voor-die-hand-liggend en word nie bespreek nie, maar produsente kan daarvan kennis neem.

**RPO Uitvoerende Raad**
GFM van Rooyen (Voorsitter), Dr FA Maré (HUB), AB Williamson, DG Pelser, PL Meyer, NM Kilian, SA du Toit, JJ van den Berg, DJ Grabe, JRR Braithwaite, LJ Wessels, ICJ van Zyl, dr PA van Rooyen
**Maatskappy sekretaresse:** CE Steyn
**ISO 9001:2015 sertifiseerd**

Quintin Brandstraat 2, Eulophia Corner, Persequor Park, 0020
P.O. Box 132, Persequor Park, 0020

Tel: +27 12 349 1102
corine@rpo.co.za
www.rpo.co.za

**GEBEURLIKHEIDSPLAN VIR BEK-UITBREKINGS**

**AFDELING A:**

**ONMIDDELLIKE MAATREëLS VIR VERMOEDELIKE EN BEVESTIGDE BEK-LIGGINGS**

**ARTIKELS 4, 5 & 6: OPTREDE WANNEER BEK VERMOED WORD, DIAGNOSTIESE MONSTERNEMING EN BEVESTIGING VAN DIAGNOSE**

Die meeste van hierdie artikels bevat tegniese besonderhede oor die stappe wat geneem moet word om die Staatsveeartsenydienste van die situasie in te lig. **Produsente moet kennis neem van paragraaf 4.2 (Algemene pligte van eienaars) wat soos volg lees:**

*4.2 ‘n Eienaar wat redelikerwys vermoed dat ‘n dier met BEK besmet is, moet —*

*a) Die vermoede onmiddellik ingevolge artikel 11 van die Wet aanmeld;*
*b) Die betrokke epidemiologiese eenheid onmiddellik isoleer;*
*c) Die beweging van diere, diereprodukte, toerusting of potensieel-besmette toerusting verhoed;*
*d) Toegang tot die perseel beperk; en*
*e) Staatsveeartsenydienste ingevolge artikel 16 van die Wet, toegang tot die perseel bied.*

**ARTIKEL 7: KWARANTYN EN BEWEGINGSBEHEER**

Die bepalings rondom kwarantyn en die beheer van beweging in en om besmette eiendomme, areas rondom besmette eiendomme en gemoniteerde areas (binne 10km radius om besmette eiendomme) het min of meer onveranderd gebly. Indien ‘n eiendom onder kwarantyn is en totdat daardie kwarantyn opgehef is, mag geen beweging van gesplete-hoef diere plaasvind tensy ‘n Rooikruispermit daarvoor uitgereik is nie. **‘n Belangrike nuwe maatreël waarvan produsente wel moet kennis neem, is paragraaf 7.1.2 wat lees:**

*7.1.2 Indien die siekte op ‘n goed-omheinde plaas of perseel bevestig word waar die bewegingsbeheer doeltreffend is en kontak met ander diere voorkom kan word, kan kwarantyn op die individuele perseel of gedeeltes daarvan gehandhaaf word.*

**Produsente moet ook kennis neem van paragraaf 7.2.1:**

*7.2.1 Geen verskuiwing van vee mag plaasvind vanaf plase wat direk aan ‘n besmette eiendom grens nie en ook nie vanaf enige epidemiologies-gekoppelde liggings nie. Sodanige bewegingsbeheer moet in stand gehou word totdat die uitslag van die kliniese ondersoek bekend is.*

**ARTIKEL 8: BIOSEKURITEIT**

Produsente moet van die **hele afdeling kennis neem**. Dit beskryf die biosekuriteitsmaatreëls wat op besmette en vermoedelik-besmette plase in plek moet wees.

**ARTIKEL 9: BEPERKINGS OP PRODUKBEWEGING**

Hierdie artikel handel oor die beweging van veeprodukte (nie lewende diere nie) vanaf besmette of vermoedelik-besmette plase. Die regulasie verduidelik dat dit **moontlik is om produkte te skuif, maar dat produsente by hul staatsveearts aansoek moet doen om 'n Rooikruispermit vir produkte wat steeds die virus dra, of 'n gewone bewegingspermit indien die produk op die plaas verwerk is om die virus te inaktiveer.**

Die grootste gedeelte van hierdie afdeling handel oor melk, maar daar word spesifiek verwys na mis en voer/ruvoer. **Dit is ook belangrik om kennis te neem na die verwysing na "ander potensieel-besmette produkte" wat 'n wye reeks produkte kan insluit (dink maar aan wildsvleis).** Klop dus by jou staatsveearts aan vir advies voordat jy enige produkte skuif.

## AFDELING B:

## SIEKTEBEHEERMAATREËLS BY BESMETTE PERSELE EN GEBIEDE

**ARTIKEL 10: BEGINSELS VAN DIE BEHEERSTRATEGIE**

Hierdie afdeling beskryf die algemene beginsels vir die implementering van 'n beheerstrategie en verduidelik waarom dit nodig is. Neem kennis van paragraaf 10.2 wat spesifiseer dat dit staatsveeartse en die Direkteur van Dieregesondheid se plig is om rondloperdiere tydens 'n BEK-uitbreking te skut of op eie diskresie van kant te maak.

**ARTIKEL 11: INENTING**

Hierdie gedeelte beskryf die algemene beginsels en prosedures wat met BEK-inenting verband hou, maar verskil nie van die prosedures wat tot nou toe gegeld het nie.

**ARTIKEL 12: VEE-IDENTIFIKASIE EN -NASPEURBAARHEID**

Hierdie is 'n baie belangrike afdeling waarvan produsente moet kennis neem aangesien hulle aan al die vereistes moet voldoen. Die afdeling lui soos volg:

12.1 Alle gesplete-hoef diere op plase en persele waar daar wel teen BEK ingeënt is, of waar besmetting bevestig is of vermoed word, moet individueel geïdentifiseer en op 'n databasis aangeteken word met die oog op lewenslange naspeurbaarheid. Dit is buiten slagvarke waarvoor lotnommers gebruik kan word.

12.2 Alle gesplete-hoef diere op die perseel soos hierbo in 12.1 uiteengesit, moet aangeteken word in 'n register wat deurentyd op datum gehou word en waarin enige veranderinge aangeteken word. 'n Kopie moet aan die plaaslike staatsveearts beskikbaar gestel word terwyl die perseel nog onder kwarantyn is.

12.3 Voerkrale, afrondingseenhede en spekulante moet 'n voorraadlys byhou waarop alle nuwe aankomelinge en uitgaande diere aangeteken word en waarop rekord gehou word van alle vrektes. Dit moet beskikbaar wees vir 'n oudit deur die Staatsveearts.

Dit is belangrik om te begryp dat artikel 12.1 vereis dat **ALLE gesplete-hoef diere op die plaas (behalwe slagvarke) individueel geïdentifiseer moet kan word. Die geld nie net vir die**

**ingeënte diere (beeste) nie.** Dieselfde geld vir die register waarna in 12.2 verwys word – dit vereis dat **ALLE gesplete-hoef diere aangeteken word en nie slegs ingeënte vee nie.**

**ARTIKEL 13: DIEREWELSYN EN VERNIETIGING**

Hierdie bepalings het nie verander nie – vorige regulasies en praktyke geld steeds.

**AFDELING C:**

**OPSIES OM BOERDERY-AKTIWITEITE OP BESMETTE PERSELE VOORT TE SIT**

**ARTIKEL 14: SKUIF VAN LEWENDE DIERE VANAF GEKWARANTYNDE PERSELE**

**Hierdie hele afdeling is vir produsente van belang.** Dit verduidelik waarom alle beweging van diere onder 'n Rooikruispermit moet geskied en gee voorbeelde van redes wat die verskuiwing van diere vanaf 'n gekwarantynde perseel regverdig. **Neem deeglik kennis van die definisie van "isolasie" in 14.4:**

| | |
|---|---|
| 14.4 | Isolasie vereis dat die diere geskei word en dat geen neus-tot-neus kontak met ander lewende hawe op die perseel moontlik is nie. |

**ARTIKEL 15: BEPALING VAN KLINIESE OPKLARING (DAG ZERO)**

Produsente moet hulself **van die besonderhede in hierdie afdeling vergewis**. Dag Zero word kortliks soos volg beskryf:

| | |
|---|---|
| 15.2.1 | **Oningeënte diere met kliniese tekens**<br>'n Staatsveearts moet ingelig word indien daar geen verdere, nuwe kliniese tekens teenwoordig is nie. 'n Gemagtigde veearts moet dan binne vyf dae 'n inspeksie doen om die **datum** van die **voorlopige kliniese eindpunt** te bevestig en aan te teken. Die gemagtigde veearts moet die kliniese inspeksie na 14 dae herhaal om die afwesigheid van enige nuwe kliniese tekens te bevestig, waarna die oorspronklike **datum** van die **voorlopige kliniese eindpunt** as **Dag Zero** sal dien. |
| 15.2.2 | **Ingeënte vee**<br>**Die dag waarop die laaste dier op die eiendom vir die eerste keer ingeënt is,** en mits geen kliniese tekens teenwoordig is nie, sal as **Dag Zero** geld. **Indien kliniese tekens tydens inenting teenwoordig was, sal 15.2.1 geld.** |

**ARTIKEL 16: BEHEERDE SLAG**

Hierdie afdeling behels beheerde slagprosedures en het betrekking op produsente, voerkrale en abattoirs. Hoewel produsente van die hele afdeling kennis kan neem, is die belangrikste deel artikel 16.6 wat die volgende bepaal:

| | |
|---|---|
| 16.6 | Slag van vee na Dag 0: |
| 16.6.1 | Geen slag word voor die 16de dag na Dag Zero toegelaat nie. |
| 16.6.2 | Vanaf dag 16: Mag slegs by ‘n BEK-aangewese abattoir slag. Geen ontbening, ontkliering of verdere verwerking van die tong of afval is nodig nie. Vanaf dag 16 tot 41 ná Dag Zero moet die kop en pote weggemaak of behandel word. |
| 16.6.3 | Van ses weke (42 dae) ná Dag Zero kan ‘n gekwarantynde perseel by enige abattoir slag, insluitend by ‘n uitvoer-abattoir. Geen ontbening, verdere verwerking of vernietiging van enige gedeelte van die karkas is nodig nie. |

## AFDELING D

## OPKLARING VAN UITBREKINGS BY POSITIEWE PERSELE

**ARTIKEL 17: VEREISTES VIR DIE OPHEFFING VAN KWARANTYN**

Hierdie afdeling veroorsaak verreweg die meeste verwarring as gevolg van woordkeuses soos “herpopulasie”. Hoewel **produsente hulself met die hele afdeling moet vergewis**, bied hierdie notas ‘n meer verteerbare verduideliking daarvan.

Die opheffing van kwarantyn kan op een van twee maniere geskied: deur **(a) depopulasie of (b) inenting**. In die geval van **depopulasie** word alle gesplete-hoef diere op die plaas verwyder en ‘n aansoek word aan die staatsveerts gerig om die kwarantyn op te hef.

Waar depopulasie nie ‘n ekonomies-lewensvatbare opsie is nie en **inenting** as roete gevolg word, kan die aansoek om opheffing van kwarantyn 42 dae ná bevestiging van Dag Zero (soos in artikel 15 bepaal) ingedien word.

## AFDELING D

## LANDSWYE MONITERING EN AFLOOP VAN ‘N UITBREKING

**ARTIKELS 18, 19 & 20: MONITERING, AFLOOP EN HERSIENING.**

Produsente kan kennis neem van hierdie afdeling, hoewel dit hulle nie direk affekteer nie.